DIE PIENKBOEKIE

Nuusbrief van die Vrouelidmate in die Noordkaap

Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.

2 Kor 5:17

September 2011 Nr 95

Lees in hierdie uitgawe

Tjip van 'n Mossie
Bl. 3

Hoe hanteer ek... Bl 9

Walles se snoephoekie... bl 46

Kom ons lees... Bl. 47

Iets oor die Algemene Vrouelessenaar Bl. 48

TEEDRINK TYD

BL. 12

Maak 'n verskil

Bl. 50

Inskrywings-vorm vir 2012 bl 52



Die Vrou en haar verhouding met...
Bl. 5

Dankie aan almal wat bydraes ingestuur het vir hierdie uitgawe.



DIE TJILP VAN 'N MOSSIE

Die algemene sinode soos 'n partypolitieke kongres?

Die algemene sinode vergader op 10-14 Oktober 2011. Daarom het ek dit goedgedink om iets oor die kerk se manier van vergader te plaas.

Ds. Danie Mouton, predikant van die NG Kerk Port Elizabeth-Hoogland, skriba van die Oos-Kaapse sinode en redakteur van hul nuusbrief, Grens-Pos, het insiggewende kommentaar gelewer oor mediaberigte wat die komende sitting van die algemene sinode eerder na 'n ANC-Partykongres, as 'n amptelike kerkvergadering laat klink. Ek deel graag dr. Mouton se insigte met u:

> Media-berigte oor die komende sitting van die Algemene Sinode laat die vergadering eerder na 'n ANC-Partykongres as na 'n kerklike vergadering klink. Waarskynlik is daar kerkmense wat presies hierdie prentjie van 'n sinode troetel. Dit is 'n fatale fout. Die sentrale vraag by 'n sinode is die soeke na die Here se wil. Op voetspoor van die kerklike vergadering in Handelinge 15, kom 'n vergadering by die Here se wil uit as dit:
>
> 1. luister na getuienisse oor wat die Here onder God se mense en in die wêreld doen, en bereid is om bestaande kerklike praktyke in die lig hiervan nuut te oordink;

2. lig soek in die getuienis van die Skrif oor wie God is, hoe God werk, wat die kerk se identiteit is en wat die Here as roeping op God se kerk se hart druk;
3. bereid is om intens sáám te praat sodat 'n konsensus oor die pad vorentoe gebore word.

'n Sinode is nie 'n plek waar mense met vooropgesette idees opdaag wat hulle kom deurdruk nie. 'n Sinode het nie koukusse nie. 'n Sinode bestaan uit mense wat bereid is om verras te word met wat God doen en om die risiko te loop om God se storie met die wêreld uit te leef. Só word dit presies ook op die geloofsbrief waarmee sinodes hul afgevaardigdes stuur, beskryf. Afgevaardigdes is nie gevolmagtigdes met 'n mandaat om vooropgesette standpunte op hierdie vergadering te propageer nie. Afgevaardigdes het die mandaat om saam geloofsonderskeidend te kom nadink oor wat die Here wil deur die Algemene Sinode, in terme van wat dié vergadering se mandaat in die kerk en wêreld wil doen.

Mens kan goed verstaan dat só 'n standpunt naïef kan klink, veral vir geharde joernaliste, maar ook vir onversetlike gelowiges wat 'n geloofsonderskeidende gesprek met 'n politieke debat of 'n gladiator-spel verwar. Nietemin moet ons vir niks minder as so 'n proses hoop en bid vir die komende algemene sinode nie. Lees gerus ook hierdie artikel.

(Met dank oorgeneem uit *Grens-Pos*, nuusbrief van die NG Kerk in Oos-Kaapland, 2011-08-12)

Indien u meer wil lees oor debat en dialoog

In *Kruisgewys* 5/3, bladsy 13-15, verskyn 'n artikel, "*Van debat na dialoog*" wat deur dr. Mouton geskryf is. Dié artikel kan ook op die web besigtig word by:
http://www.gemeentes.co.za/Pdf/Van_debat_na_dialoog.pdf

Groete

Ds Mossie

Die Vrou en haar verhouding met… haar skoondogter/seun

Jou spogkind trou met iemand van sy of haar keuse. Maar met sy of haar keuse kry jy as ouer nóg familie by wat jy:

- óf omhels,
- óf so-so aanvaar,
- óf liefs op 'n afstand hou.

Persoonlikheids- en kultuurverskille speel 'n groot rol. Of sommer net daardie gevoel: *"Ek hou van jou*" of *"Ek weet nie wat dit is nie, maar ons sal nie stryk nie.*" En gewoonlik voel die ander party ook maar so.

Waarom?

Waarom is daar hierdie voortdurende spanning tussen skoonfamilie?

In 'n ondersoek wat onlangs gedoen is by die Utah Universiteit in die VSA word getoon dat omtrent 60% van spanning in huwelike is as gevolg van wrywing met skoonma's. En gewoonlik tussen die vrou en die man se ma (amptelike statistieke hieroor in Suid-Afrika ontbreek).

Ek lees êrens van 'n kliniese sielkundige wat hierdie verskynsel probeer verduidelik. Hy skryf: "*Daar is ongelukkig 'n wedyweringsfaktor in bykans elke skoonma/skoondogterverhouding. 'n Vrou en haar skoonma is in 'n driehoekige verhouding met dieselfde man betrokke.*"

Daar is sekerlik 'n klomp redes wat aangevoer kan word om hierdie spanning te verklaar, maar wat kan ons (christenvroue) doen, om ook in hierdie verhouding te leef soos wat God van ons vra?

Wat staan 'n skoonma te doen?

Hierdie kwartaal probeer ons bietjie saam dink oor dit wat 'n skoonma kan doen om die verhouding te laat vlot.

Laat los

Dikwels gebeur dit dat ouers nie hulle kinders kan laat gaan nie. Soms is dit moeilik vir ouers om te aanvaar dat hulle kinders volwasse is en bly hulle, hulle kind en word soos ‘n kind behandel.

As ouer moet jy jou kind laat gaan. Dit is belangrik dat jou kind sy/haar ouerhuis vrylik kan verlaat om ‘n eie huis te bou (vgl Gen 2:24). ‘n Kind moet van jongs af geleer word om op sy eie bene te staan en sy eie mens te wees. Dis ‘n geleidelike proses waarin jy jou kind ruimte gee om verantwoordelikheid vir sy/haar eie lewe te neem en sy/haar eie kop en paadjie te volg. Meeste ouers spandeer bykans twee dekades om hulle kinders voor te berei om selfstandig buite die *“nes”* te gaan lewe – en dan wanneer die kind juis dit wil doen, laat ouers hulle dikwels nie toe nie.

Die liefde laat juis vry en hou nie vas ter wille van die self nie. As jy die naelstring nie betyds knip nie, gaan jou kind dit wel doen. Hierdie proses is reeds pynlik genoeg, moenie dit vir jouself nog moeiliker maak nie.

Die ideaal is dat die liefde van die ouer die voorbeeld moet stel. Jy moet terugstaan vir die nuwe lewe wat jou kind kies. Gun jou kind ‘n lewensmaat. Onthou hy/sy kies nie teen jou nie, hy/sy kies ‘n lewensmaat. Maar onthou ook altyd die huwelik is en bly die primêre verhouding en nie die ouer-kind-verhouding nie.

Aanvaar jou kind se keuse

Wanneer jou kind ‘n lewensmaat kies, aanvaar sy/haar keuse. Hê genoeg vertroue in die opvoeding wat jy jou kind gegee het – jou kind is groot genoeg om sy/haar eie besluite te neem.

Behandel jou skoondogter/-seun soos jou eie kind

Moenie 'n onderskeid maak tussen jou kind en skoonkind nie. Behandel hom/haar soos jou eie. Jy sal verbaas staan oor die liefde wat jy terug kry.

Moenie dink dat jy 'n kind verloor nie, wees bly oor die kind wat jy by kry.

Onthou jou kind het hierdie man/vrou gekies om die res van sy/haar lewe met haar/hom deur te bring. Respekteer die keuse.

Moenie wedywer nie

Jou kind het net een ma en jy sal altyd sy/haar ma wees. Jou kind se vrou/man kan nie jou plek in sy/haar lewe inneem nie. Wees gerus in hierdie wete. Jy hoef nie bedreig te voel nie. Daar word nie gewedywer om 'n posisie nie. Jy is die ma, die ander een die lewensmaat.

Eerder ondersteuning as kritiek

Moenie inmeng nie! Wees eerder ondersteunend as krities. Wat jou skoondogter met haar kinders se opvoeding doen is nie jou saak nie. Al verskil jy oor hoe dinge gedoen word, bly stil en gee raad wanneer dit gevra word.

Onthou jou houding is ook baie belangrik. Al spreek jy nie openlik kritiek uit nie, jou houding spreek boekdele.

Wees jy die verskil

Onthou dat jy niemand kan verander nie. Jy kan egter jouself verander. Begin 'n beter verhouding met jou skoonkind deur jou aandeel in die konflik te erken. Wees jy die verskil in die verhouding.

Slot

Vroeër die jaar skryf my skoonma vir my 'n briefie, in hierdie briefie is daar een sinnetjie wat ek altyd sal koester, sy skryf: "*Dankie dat jy 'n goeie vrou vir my seun is.*"

Te midde van ons verskille en ten spyte van al my foute – sien sy my raak. Sy sien dat ek en haar seun goed is vir mekaar. En sy sê dit vir my.

Ek dink nie eers sy weet wat daardie sinnetjie vir my beteken nie...

Dalk moet jy dit waag om 'n keer teenoor jou skoondogter of –seun waardering uit te spreek. En kyk wat gebeur!

Ankia du Plooÿ

Drukkies is nie net vir eensame of hartseer mense nie. Dit is ook nie die eksklusiewe voorreg van verliefdes nie. Trouens, die terapeutiese waarde van nie-erotiese aanraking word totaal onderskat. Die feit is dat drukkies gesonde mense gesonder maak en gelukkiger en gemakliker met hulleself.

Drukkies is vir almal.

Gee mekaar 'n drukkie as die lewe druk.

Aanraking maak die lewe lekkerder.

Kathleen Keating Drukkies...wanneer die wêreld druk.

“ AS WERKENDE KIND IN DIE HUIS, HOE HANTEER EK MY OUERS?”

Ek het vir Anne-Marie Joubert in ons gemeente gevra om ‘n paar gedagtes oor die onderwerp neer te pen. Sy is ‘n meelewende lidmaat in ons gemeente. Sy het na skool Ouditkunde gestudeer en in Bloemfontein gewerk en bly tans weer by haar ouers in die huis.

Haar bydrae:

“Nadat ek dertien jaar uit die huis was, het die Here my pad so uitgewerk dat ek weer in my ouerhuis woon.

Dit is so snaaks hoe jy as student nie kon wag om uit te trek en die lewe daarbuite te ervaar nie. Jy wil op jou eie bly en jou eie besluite neem.

Nou na dertien jaar is dit vir my lekker om by my ouers te bly. Ons is groot “maats” en geniet die saamwees. Ek moes eers grootword en ‘n paar lewenservaringe deurgaan om te besef dat dit ‘n voorreg is om ouers te hê. Dit is ‘n wonderlike geskenk van God. ‘n Mens hoef nie altyd oor alles saam te stem nie, maar mens kan op ‘n ordentlike manier dinge bespreek en dan sodoende tot ‘n vergelyk kom.

Dit is aan die anderkant ‘n aanpassing om weer bymekaar aan te pas as mens eers op jou eie was. Jy het jou eie besluite geneem, dinge gedoen soos jy goeddink. Om ‘n voorbeeld te noem, die kwessie van my kamer. My ma wat op ‘n baie diplomatiese manier vra dat ek my kamer bietjie aan die kant moet maak anders kan die huishulp nie skoonmaak nie. Vir my voel dit nie te deurmekaar nie. Etenstye wat ons as gesin saam nuttig.

Onder een dak gee ons mekaar die nodige ruimte om elkeen sy gang te gaan. Daar is tog tye wat ek saam met vriende uitgaan, maar snaaks genoeg, my ouers gaan slaap nooit vroeg nie. Meeste van die tyd is ma na 1h00 nog wakker en gesels ons eers voordat ons gaan slaap. Die wakkerbly is nie omdat ons ouers ons nie vertrou nie, dit is 'n wrede wêreld daarbuite. As kind moet mens verstaan dat ons ouers bekommerd is oor ons veiligheid. Hulle moet egter ook besef dat 'n mens nou volwasse is en self jou kop moet stamp om te leer om aan die anderkant heel uit te kom.

Somtyds gaan jy as kind deur 'n fase wat jy voel jou ouers verstaan jou nie. Jy en jou ouers baklei oor alles. Dit voel die hele wêreld is teen jou. Gelukkig gaan die tye verby. Mens kan na die tyd terugkyk en sien hoe jy gegroei en meer volwasse geword het.

My raad aan kinders is om hulle ouers te waardeer en te respekteer . Ouers aan die ander kant, moet ook hulle kinders respekteer en toelaat om hulle eie besluite te neem. Gee mekaar die nodige ruimte. As kind het ons 'n goeie opvoeding en liefde ontvang om op die regte pad te bly en die regte keuses te maak. Ouers moet glo en vertrou dat hul kinders die regte keuses sal maak. In die geval wat hul verkeerde keuses maak, laat hul op die manier leer uit hul foute. Dit is deel van groot word. Kinders onthou om altyd jou Vader in die Hemel te dank vir jou ouers.

Ek, as ouer, se repliek:

Anne-Marie was bevoorreg om te gaan studeer. Baie van ons kinders het nie dié voorreg nie. Miskien hunker u kind ook om bietjie uit die huis te kom. Dalk is ons nie sensitief vir hierdie begeerte van ons kinders nie.

Die mooiste ding wat sy sê, is: "Dit [ouerhuis] is 'n wonderlike geskenk van God." Julle kinders moet dit onthou. Terwyl ons ouers moet poog om 'n huis te skep wat 'n geskenk van God is.

Oor laat-uitbly en laat-kuier, onthou tog: Stuur vir ma 'n sms en sê jy leef nog en wanneer jy huis toe kom. Dan kan sy ontspan en pa kan slaap.

Anne-Marie gee jongmense die raad om hul ouers te waardeer en te respekteer. Ek wil daar by sê: Onthou jul ouers is baie keer onseker hoe om te reageer. Hulle voel baie dae onseker hoe om julle te hanteer. Julle moet versigtig wees om nie hul selfbeelde verder af te breek nie. Hulle maak foute en oorreageer. Julle moet geduld met hulle hê. Hulle het brose ego's. Sê meer gereeld dankie en gee waardering.

Julle kan ook moeite doen om jul kamers nie té deurmekaar te los nie. Tel tog die gebruikte handdoeke op en vat die vuil koffiebekers kombuis toe so nie-en-dan.

Ds FD Hugo

Skepper-God,

Dankie vir die heerlike vreugde om vróú te wees.
Om een van die mooiste strykinstrumente in
U skeppingsorkes te wees.
Dankie vir al die klanke wat ek kan voortbring,
Vir ***elke hoë noot in my lewe,***
Maar ***ook vir die minder lekker oktawe.***
Dankie veral vir my tipiese vroulike dun gesnaardheid
En fyn aanvoeling vir mense.
Hoe bevoorreg is ek, Here, om, as kroon van U skepping,
Moeder, dogter, vrou en vriendin te wees.
Hoe uitdagend om sieketrooster, berader,
Regter, onderwyser, predikant, binnehuisversierder,
Kok en aankoper ..... Op één dag te wees.
Hoe heerlik vertroostend dat U my vrouwees ken
En verstaan en dat U altyd daar is om my by te staan.
Ek wil mooi, minsaam en moedig wees.
Ek wil iets van U grootheid hier op aarde leef.
Mag my lewe 'n simfonie van liefde voortbring
Wat elke dag op 'n hoë noot sal eindig.
'n Noot wat U lof besing!
Amen

KUIER SAAM OM DIE TEEPOT

Vryburg-Noord – die helpende hand

"Help ander soos jy graag wil hê hul moet jou help". Dit is voorwaar die leuse van Vryburg-Noord wat met hart en siel uitgedra en deurgevoer word.

Hulp aan vigspasiënte met ondersteuning, vervoer na hospitale en kos word voorsien. Hulp aan ons plaaslike Ouetehuis en Dienssentrum se Basaar asook verjaarsdagete word jaarliks verleen met ' hand wat diep in die sak gesteek word. Tee en eetgoed word voorsien tydens begrafnisse asook blomme by spesiale geleenthede.

Ons matrikulante word jaarliks bederf met 'n geskenkie om net te sê: Ons dink aan jul met die eksamen – "ons moes dit almal deurmaak".

Nie net die jongelinge word bederf nie, maar ons senior burgers sien elke jaar uit na ' heerlike kersete wat wissel van 'n wildsplaas uitstappie tot 'n gastehuis ete met boeremusiek!

Ons werk nie net saam nie, maar kuier ook elke kwartaal saam by 'n gemeente ete asook 'n jaarlikse gemeentekamp. En kan ons nou lekker kuier en werk by die basaar, sommer koekiesbak by die kerk en wat 'n belewenis (soos ds dries sal sê) is die vleiswerk van so 17 beeste, 10 skape en 2 varke!

Die vroues klets ook saam op ‘n heerlike lenteproe van teetyd resepte en tuinuitlegstories.

Ons maak dan ook nog ons huise skoon en bring alles wat oorbodig is na die kerk vir ‘n wit olifantverkoping. Fondse hou ons nie terug, maar deel met die helpende hand na ander uit wat minder het as ons.

Al hierdie bedrywighede kon nie geskied as ons nie onsself geestelik kan verryk met bybelstudie en wyksbyeenkomste, onder die bekwame en doelgerigte leiding van Ds Dries nie.

So ‘n laaste, maar ‘n moet vir elkeen om by te woon is ons jaarlikse paasuitstalling “Via Dolorosa” as jy dit nog nie bygewoon het nie, het jy nou ‘n gaping in jou geestelike lewe. Vir ongeveer vyf dae word die lyding van Jesus Christus werklik uitgebeeld. Mense van oral kom om dit te besoek. So steek God sy helpende hand uit na baie wat Hom nie ken nie.

Met ons oë op geloof gerig op Jesus en oons hande uitgereik na ander, vind ons vreugde in ons saamwerk en uitreik in NG Noord Vryburg

Mariëtte Brink

PIET PLESSIS SE DAMES VERTEL….

DRIE VROUE SE BELEWENIS IN DIE VREEMDE!!

Watter wonderlike ervarings en herinneringe het drie van ons dames in die gemeente beleef met ‘n toer in 2010 na Europa (o.a. die Passiespel in Oberammergau), Israel en Jordanië!! Veral het die leefstyl van die vrou, haar gesin en landgenote se waardes en godsdiens ons in hierdie lande interesseer.

Kleredrag en die vrou se plek in die gemeenskap

Ontstellend was die posisie van die vrou in lande soos Israel, Jordanië en Egipte. Hulle onderdrukking word duidelik gesien in hul kleredrag. Die ongetroude vroue dra kopdoeke en sluiers wat 'n gedeelte van die gesig bedek – baie van hulle met lang swart rokke terwyl die getroude vroue se hele gesig bedek is en net hulle oë op 'n skrefie oop is. Dit is die kleredrag van baie van die Moslemvroue in Jordanië en Egipte en die Ortodokse Jodinne in Israel. Vrae wat by mens opkom is: Hoe eet hulle met hul gesigte so bedek? Hoe voel hulle as hulle ander vroue sien met mooi vrolike stylvolle klere? Die Ortodokse Jode dra swart hoede en swart pakke klere met lang baadjies asook lang haarlokke aan die kant van hul gesigte. Dit mag van die ouderdom van 4 jaar af nooit afgesny word nie

Ons was gelukkig om in Duitsland te wees tydens die "Oktober fest". Opvallend was die Bavariese vrolike kleredrag van die dogtertjies en vroue- wye rokkies met pofmoue en voorskootjies. Die manne en seuntjies het kostelike kuitbroeke met kruisbande gedra.

Gesinslewe en volkstemperamente.

In Jordanië is Poligamie vandag nog wettig en aan die orde van die dag. Gesinne van 'n paar geslagte bly in groot huise saam - getroude volwassenes met hul kinders saam met die grootouers. In Israel sien jy baie Jodinne met babawaentjies en klein kindertjies. Om groot gesinne te hê is vir hulle belangrik. In Cairo is daar erge armoede. Die stad is digbevolk met baie vervalle woonstelblokke en dit is 'n baie vuil stad met baie ongeduldige motorbestuurders. Daarteenoor is Duitsland en

Oostenryk baie skoon lande. Die padverbruikers is daar baie bedagsaam en wetsgehoorsaam – bestuurders wat rustig by die spoedgrens hou. Daar word blykbaar baie streng opgetree teenoor oortreders. Interessant - daar is ‘n duidelike kennisgewing aangebring wat sê dat niemand met die busbestuurder mag gesels terwyl hy bestuur nie. Mensdom maar hulle is darem oulik! Sodra die spoedgrens oorskry word, gaan ‘n liggie aan wat die bestuurder waarsku – in teenstelling met ons bus en taxi bestuurders in SA wat wel spoedbeperkingkennisgewings op die agterkant van die voertuig opplak maar waaraan die bestuurders hulle net nie steur nie. Jy voel so veilig op die paaie in Europa en mens sien bitter min ongelukke!

Godsdiens

Ons hoogtepunt was sekerlik die Passiespel in die skilderagtige dorpie Oberammergau in die Suide van Duitsland. Die teks van die Passiespel is verweef tussen die Ou en Nuwe Testament en ons kon dit woordeliks óf in Duits óf in Afrikaans in ‘n program volg. Ons het twintig jaar gelede ook die voorreg gehad om die Passiespel te kon sien en te beleef en daarom is dit nogal opmerklik dat die Opstanding en Hemelvaart hierdie keer in vergelyking met die vorige keer bietjie afgeskeep is. (ietwat teleurstellend) Daar is ook baie aandag aan Maria gegee en ook aan Judas se verraad. Dalk ‘n meer katolieke inslag? Die musiek – ‘n volledige koor en simfonieorkes met soliste was pragtig! Lewende donkies en kamele, kinders en groot skares was by tye op die verhoog. Twee duidend plaaslike inwoners het deelgeneem! Die kruisigingstoneel was aangrypend en dit het mens weereens laat besef ho eveel Jesus vir ons gely het.

In Duitsland en Oostenryk is beide Lutherse en Katolieke godsdienste teenwoordig.

Menseverering – sogenaamde "Heiliges" was oral te sien in Italië, Duitsland, Oostenryk en Israel. Katolisisme oorheers, ten spyte van baie Protestantse kerke. Die katedrale met asemrowende kunswerke is OORWELDIGEND! – veral die St.Peters Katedraal in Rome. Die katedraal by die Pisa toring in Italië het twee deure waar toeriste kan ingaan. As jy wil bid gaan jy by die een deur in en dit is gratis. By die ander deur moet jy betaal as jy net wil besigtig. Dit is tragies dat baie kerke in Europa net monumente is en nie meer geboue van aanbidding nie!

Egipte en Jordanië het baie moskees en die Moslem geloof is oorheersend. Jordanië (met PETRA) en Egipte (met PIRAMIDES) doen baie moeite met die grafte vir hul dooies en vir die sogenaamde "after life" – massiewe grafte en monumente!

In Israel speel godsdiens 'n baie groot rol by die Ortodokse Jode. Die pa is grootliks verantwoordelik vir die gesin se godsdiensonderrig - veral die seuns (wat groot dele van die Ou Testament moet memoriseer voor 'n sekere ouderdom). Dit is 'n voorbeeld vir baie gesinne in Suid-Afrika waar die vader se rol as hoof van die huis ontbreek. 'n Aanhaling uit Deuteronomium 6 vers 4: "Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here...", word letterlik aangebring op die deurkosyne van huise, hotelle en selfs in 'n klein boksie op die mans se voorkoppe, asook 'n herinnerings gebedsriem om hul arm – gehoorsaamheid is vir hulle 'n daaglikse erns.

Israel is oorwegend Joods maar daar is ook Christen Jode en Christen Arabiere

Toerisme in Jerusalem maak baie staat op die Christene se sentimente en emosies rondom Jesus se lewe en dit word dikwels uitgebuit. Besoekers moet bedag wees daarop dat gidse maklik spesifieke plekke aanwys as dat 'n sekere gebeurtenis daar sou plaasvind soos byvoorbeeld die sogenaamde verskillende "stasies" op die Via Dolorosa

waar Jesus byvoorbeeld sou val, Maria in die oë sou kyk, Simon van Sirene sy kruis sou optel, ens., ens. Mens weet dat gebeurtenisse in sekere omgewings plaasgevind het, maar die "spesifieke" plek is onseker.

Voedsel.

Die supermarkte is oral baie dieselfde soos Suid-Afrika s'n met bekostigbare pryse. Water in bottels vergelyk goed met ons s'n. Watter verrassing was dit om in Venesië se supermark Suid Afrikaans gemerkte lemoene te sien! Duitsland se spyskaarte lyk baie soos Suid-Afrika s'n. Oberammergau het die pragtigste vrugte en groente!

Italië is natuurlik die koning van pizza en pasta. Daar kry jy groot borde pasta voorgereg gevolg deur 'n kleiner hoofgereg wat bestaan uit 'n klein stukkie vleis met 'n stysel soos aartappel – net omgekeerd waaraan ons gewoond is. Ons het groente en slaai baie gemis. Hul bedien ook dikwels droë stukkies brood sonder botter. Die Italiaanse roomys is 'n MOET.....ELKE DAG!

In Israel is dadels en olywe volop. Ons gids in Jordanië het ons getrakteer met heerlike sesame saad koekies op die bus.

Skoonheidsmiddels en juwele.

By die Dooie see kry mens winkels met skoonheidsmiddels wat vervaardig is uit die modder van die see, o.a. buisies gesigsmaskers en rome wat glo gesondheidseienskappe het. In Israel is daar mooi juwele en veral ringe waarop jy jou naam in Hebreeus kan laat aanbring. Italië het baie eksklusiewe juwelierswinkels waar jy selfs 'n stoel kry wat gemerk is "Chair for husband" – hy wag om die tjek uit te skryf terwyl die vrou koop! Hoe gerieflik!

Aandenkings.

Oberammergau: pragtigste houtsneewerk, "koekoek" horlosies, kerstonele, pragtigste fyn linne, cd's met Duitse volksmusiek ens. Italië: leer handsakke, baadjies en belde, gipsbeelde van historiese geboue, ens. Egipte: piramiedes en sfinkse ens. In elke land kry mens yskasmagnete, muurborde en vele ander aandenkings – teveel om op te noem. Een van die manne het selfs 'n bronsbeeld van 'n Romeinse soldaat met spies en al gekoop - wat natuurlik te swaar was om saam met ons gewone bagasie in die vliegtuig in te gaan en moes apart aangestuur word.

ONS HET LETTERLIK 'N LEEFTYD SE INLIGTING EN ERVARINGS IN 18 DAE BELEEF – MET HERINNERINGE WAT ONS 'N LEEFTYD KAN HOU!

Groete

Drie baie bevoorregte dames van Piet Plessis

Jeanne de Villiers, Jeanette Seevinck en Susan Bester

MAREETSANE GLINSTER SOOS "PêRELS VIR GOD SE KONINKRYK"

'n Nuwe bestuur, gewillige hande en 'n entoesiastiese herderspaar is die sukses kombinasie om elke vrou soos 'n Pêrel te laat voel in 2011!

Behalwe vir die gewone teeskink na eredienste waar gemeentelede saamkuier, Pinkster se sop en toebroodjies, maandelikse kafeteria beurte by die vendusie en versorging van blomme of uitstallings tydens eredienste, het ons Kekkel en Kraai weeklikse kreatiewe "uitlaatklep" gegroei tot

'n binding vir gees en liggaam – dankie Toetsie vir soveel gee van jouself!

Ons ds Johan Cronje rus ons ouerpare toe in 4 aandklasse tov Ouerleiding en maak ons weer bewus van God se opdrag vir ons as pa's, ma's en kinders. Wêreldbiddag vir Vroue word gelei deur ds Annalie Botha van Mafikeng Herv Gemeente. Moedersdag bederf die kerkraad ons vroue deur die vure en braaiers te beman in 'n heerlike bring en braai na die erediens, by die lapa.

Wat 'n hoogtepunt was Mei toe 4 dames van ons eie gemeenskap hul diepste hartseer persoonlik kom deel met hartsake soos: God se ingryping in my seun se lewe en die wondergenesing van sy gebreekte nekwerwel, my seun erken hy is homoseksueel, my skooldogter se trauma van dwelmverslawing en die verlies van ons seun in 'n motorongeluk. Dankie aan elke vrou wat bereid was om ten spyte van intense seer en private pyn, die groot boodskap van Sy onuitspreeklike Liefde, Troos en Heling te kom deel sodat ons weer kon besef: God KEN my op my naam!

Ons Kameeldoringfees was 'n grootse sukses en boonop groot pret. Die dominee se pienk "dogtertjie"-hanslam ewe pienk gestrik op die veiling? Ja, dis Mareetsane! Ons eerste Mej Kameeldoringfees word gekroon, ons kinders kompeteer in boeresport en ons eerste donkie ralley vind plaas! 5 wyke, 5 getooide donkiekarre, 10 donkies, 10 hanteerders, 'n hindernisbaan en 'n wenner! Sondag het ons oesfees afgesluit met ds se preek oor die Bybelse 7 weke oesinsameling en 'n prag oes-uitstalling was voor in die kerk. Alle eer aan Hom vir 'n geseënde jaar!

2010 het ons afgesluit met die persoonlike uitdeel van "ek wens..."-kersgeskenke vir "ons" 25 voorskoolse kleuters in Barkley-Wes Kinderhuis koshuis. Eersdaags ry 'n groepie dames weer om hul harte te verbly met vir elk 'n baadjie, paar tekkies, serp en 'n vrag kos wat geskenk is.

Ons is opgewonde oor 16 Sept wanneer ons kerkgebou se mondigwording met 'n feesnaweek gevier word: Vrydagaand hou ons musiekfees by kerslig en die vroue berei 'n ete. Saterdag kom vertel ds Henk Gouws hoe lei ons en rus ons "Gesonde kinders in 'n Ongesonde

wêreld" toe. Elke kind ontvang 'n gratis blikkie koeldrank wat hy weer moet vul met munte vir Sondag se muntlegging op ons kerk se groot syfer 21. Sondag 25 Sept lei ds Jan de Wet ons lofdiens met Woord en Sang!

Dis heerlik om te kan sê dat ons Vroueaksie aktief op koers bly en dat ons ervaar hoe vroue mekaar poleer tot skitter Pêrels vir God se Koninkryk.

Thea du Rand
Mareetsane

GROEPE KRY AANDAG OP STELLA

Daar is 53 weduwees in die NG gemeente Stella! Die behoefte het ontstaan om aan dié groep en ander enkellopendes aandag te gee met liefde en om vir hul geleenthede te skep waar hul as groep saam heen kan beweeg.

Ons gemeente het 'n 22-sitplek bussie wat vervoer vergemaklik. Onlangs het die "Enkelloper-groep" 'n besoek aan Bloemfontein gebring: 'n belewenis was die musiekblyspel "Stuur groete aan Mannetjies Roux" in die Sand du Plessis-teater! Die uiteet en oorslaap in 'n gastehuis het vir heerlike pret en vreugde gesorg.

Baie dankie aan almal wat deel vorm en bydrae tot die seën van hierdie groepe!

Stella groete
Jeanne Vermaak

MAFIKENG VROUE LIDMATE VONKEL!

Op ‘n vergadering gehou in September 2007 is daar besluit dat die vrouediens moet ontbind en moontlik as ‘n gasvryheidskomitee dien aangesien ons so min was met min belangstelling van ons vrouelidmate. Ons predikantspaar is beroep na Pretoria en ons was net 2 dames oor op die bestuur. Op ‘n kerkraadsvergadering in November 2007 het die vrouediens aan die kerkraad hulle besluit voorgelê. Daar het die Here dit op my hart gedruk om die vrouediens weer aan die gang te sit. Ek was so opgewonde dat ek die vrouediens herdoop het op ‘n kerkraadsvergadering na die VONKELVROUE! Op daardie stadium het ek nie ‘n bestuur gehad nie, maar die helpende hande was baie.

April 2008 hou ons ‘n baie suksesvolle Kenmekaar-aand met 18 entoesiastiese vroue. In Mei 2008 is ons verheug oor die koms van ons nuwe predikantspaar, ds Andries en Gertruida van Rooyen. Sondag 11 Mei 2008 is ds Andries in ons gemeente bevestig en na die diens is almal uitgenooi vir ‘n ete in die kerksaal...tafels, kos en saal opgedollie vir ‘n fees. Die vroue het behoorlik gevonkel want daar was genoeg kos vir ‘n hele paar honderd mense! Almal is hartlik bedank vir hul harde werk.

Tydens ‘n Kaapse Snoekaand op 18 Julie 2008 vonkel die vroue weer met soetpatats, slaaie en malvapoeding! Die aand was ook ‘n reuse sukses. In 2008 het ons begin met ‘n koekieprojek wat steeds suksesvol voortgaan.

In 2009 het van my vriendinne hulle vrywilliglik aangemeld om as blokleidsters op te tree en toe het ons ‘n hele spannetjie gehad om die reëlings makliker te maak. Ons het sommer onmiddellik reggestaan vir klein Andries (ons eerste pastoriebabatjie) se doop, met spyseniering meer as proffesioneel!

As fondsinsamelings doen ons die volgende: Vele Vonkelvroue ontbytte en gemeente-etes is aangebied. ‘n Poedingprojek is begin waar ons waar moontlik, elke laaste Sondag van die maand poedings verkoop by

die tee. Die Vonkelvroue het weer die pienkkoevertjiestelsel geïmplementeer met die oog om bydraes vanaf die vrouelidmate te in en dis ook redelik suksesvol. Vir pret het ons in November 2010 ons geliefde predikant ds Andries, bederf met vingerhappies vir sy verjaarsdag – alles blou net waar jy kyk!

Ons finansies het so verbeter dat ons 10 "bainmari's" kon aankoop om gemeente-etes te vergemaklik. In Februarie 2011 besluit ons om materiaal aan te koop vir nuwe tafeldoeke. Drie Vonkelvroue reis na Hubby & Lace in Vereeniging en was ons nie in vervoering oor al die lap nie! 210 meter lap later is ons reg vir die groot naaldwerk wat voorlê en hopelik is die tafeldoeke voor einde van 2011 klaar.....!

Ons Vonkelvroue hou altyd voor funksies 'n beplanningsvergadering by "Wimpy" en dit raak ook toe 'n gereelde instelling vir saamwees. Valentynsdag 2011 het ons 'n heerlike 3-gang maaltyd as gemeente-ete voorgesit en het ons ook 'n suikerversiering demonstrasie vir die dames gereël. Hulle het almal terugverlang na hul kleuterskool dae toe hul nog klei gespeel het. Dit was groot pret!

Ek dank die Vader vir Sy krag waarmee hy my elke dag toerus om die Vonkelvroue aan die gang te hou en ook vir wonderlike vrouelidmate wat my ondersteun in alles wat ons aanpak. O, ek moet ook sê party van die Vonkelvroue se gades vonkel ook lekker saam, veral met teekoppies was! Baie dankie aan hierdie vonkelmanne wat altyd bereid is om te help.

Groete
Willemien Brits, Voorsitster: Vonkelvroue-Mafikeng

VERGELEGEN GEMEENTE DEEL IN LIEFDE

Die NG-gemeente Vergelegen is 'n klipgooi van die Botswana-grens in die Ring van Mafikeng geleë, met naaste groot dorpe Mafikeng (+- 160 km) en Vryburg (+- 190 km). Die gemeente bestaan hoofsaaklik uit beesboere en hul gesinne.

Bo en behalwe die gewone aktiwiteite word probeer om een spesiale geleentheid per semester aan te bied. Vanjaar is daar reeds 'n storievertelaand gehou waar die kontrei se bobaasstorievertellers hul slag gewys het. Tussenin is musiek gemaak, geëet en gesing.

Vleis vir Afrika: Die jaarlikse fondsinsamelingshoogtepunt, die basaar, het op 23 Julie plaasgevind. 'n Groot verskeidenheid tradisionele basaarprodukte, asook die verwerkte vleis van 12 beeste en 16 skape was te koop. Byna 900 sosaties is dié oggend oor die kole gebraai. Ander aktiwiteite het kleiduif- en teikenskiet ingesluit.

Volgende op die kalender is 'n huweliksverrykingskursus van 23-25 September 2011, aangebied deur dr Francois en mev Riana Hanekom van Melkbosstrand.

Vergelen se storie oor leer, leef en dien sal vervolg in ons Desember-uitgawe.

KAMEELBOOM WOEKER…

Ons vroue het die jaar met entoesiasme begin. As bydrae tot *Diens van Barmhartigheid* is besluit dat Huis Louis Swanepoel te Stella, die jaarprojek sal wees met deurlopende ondersteuning en hulp aan die bejaardes. 'n Groep vroue vertrek vanaf Tosca en gaan bederf die inwoners met verversings, 'n spesiale geskenk aan elkeen wat met groot dankbaarheid ontvang word asook 'n groot hoeveelheid benodighede vir die tehuis. Ons leraar ds Jordaan hou oggendgodsdiens en ons orrelis Lida Theron, begelei op die klavier vir heerlike samesang. 'n Verrykende oggend vir almal! Vanjaar was ons ook sensitief vir sorgbehoewendes en siekes in ons gemeente – om diesulkes by te staan deur 'n helpende hand, te troos of geestelik te versterk bind ons saam.

Ons *Sending* deurkollekte bydrae gaan aan die NG "Pearl" gemeente vir Indiërs te Kimberley. Hul het tans geen predikant en gaan moedig voort onder leiding van 3 of 4 getroue lidmate. Bekeerde Hindoes word totaal verwerp deur hul mense en daarom vra hul ons almal se voortdurende gebede. Tswana traktaatjies en Bybels word gereeld versprei aan werkers, pompjoggies en by die kampong plaaslik. Ons reik ook uit na plaaslike evangeliste en sendingwerkers te Pomfret. Ons verskaf Sendingnuus tydens ons byeenkomste.

Ons *Jeug*diensgroep se projek vir die jaar is finansiële ondersteuning en hulp aan die plaaslike Laerskool, in besonder aan behoeftige kinders en skenkings aan die klerebank. Vrouelidmate is betrokke by Kategese onderrig en Kleuterkerk asook die beplanning en aanbieding van die Sondagskool piekniek in samewerking met die skool.

Die gereelde werksaamhede gaan ook ritmies voort: heerlike sop en toebroodjies tydens Pinkster dienste, tee en verversings na eredienste, voorbereidings en reëlings vir basaars by 2 bedieningspunte Tosca en Leniesdeel, Hester Prinsloo sorg vir blomme tydens eredienste, ons bekom fondse deurdat dames die kafee by 3 veeveilings te Tosca behartig, sover moontlik probeer ons as gemeente saameet na Nagmaal.

Die vroue beplan weer aan die einde van die jaar ons eie KK & K – "Kameelboom se Kuier en Kleinkoekie – Fees". 'n Saamkuier vir die hele gesin. Ons hoogtepunt is natuurlik ons jaarafsluiting met 'n Kerssangdiens by elk van die twee bedieningspunte.

Ons neem vrymoedigheid om u voorbidding te vra vir twee gesinne se groot hartseer in ons gemeente: jarelange getroue Vrouediens lidmaat Hester Hamman is onverwags gediagnoseer met ernstige siekte en die oggend van 10 Augustus verongeluk een van ons vrouelidmate 'n hanetree van haar plaaswoning af.

In ons Vrouediens se baie take is daar altyd ook die "Mannediens" sonder wie se hulp en bystand ons nie kan klaarkom nie. Dankie vir die swaar dra, die aanry, die ophang van goed hoog teen die muur, ens. Ons as julle geliefdes breek 'n lansie vir julle: aanvaar in die gees van dankbaarheid die mooiste duurste bos blomme om dankie te sê! Die

lewe is mooi en kosbaar. Laat ons Sy Liefde uitleef en laat ons elke dag Jesus se hande en voete in hierdie wêreld wees.

Kameelboom groete
Trienie Jordaan

Noorderharts-gemeente.

Ons **BYBELSTUDIE** het ‘n nuwe rokkie aangetrek, ons doen Bybelstudie slegs uit die Bybel. Ons as groep hoor by God wat sê Hy vir ons. Ons was nou besig met Genesis. Met die skepping het ons bv. weer van God se grootheid bewus geraak. **Abraham** was 75 jaar oud toe God aan hom die belofte van ‘n nageslag gegee het, eers toe hy 100 jaar oud geword het is die belofte vervul, ten spyte daarvan dat hy 25 jaar moes wag vir die koms van Isak. Hy het volhard soos iemand wat die onsienlike God sien. Met **Jakob** het God ‘n plan gehad, al het hy ‘n moeilike pad gestap, moes hy ten spyte van sy omstandighede aan God vashou. God gee aan hom die belofte van beskerming en seën, hy worstel met God en omdat hy die toets deurstaan kry hy ‘n nuwe naam nl. **Israel.** (het jy al ooit gewonder wat gaan jou nuwe naam wees?) **Josef** word deur sy broers verwerp en in ‘n put gegooi. Hy word as slaaf verkoop, weerstaan versoekings, en word onskuldig in die tronk gegooi. Hy maak oral opgang selfs in die tronk, want God is met hom. Sy gawe om drome uit te lê maak vir hom deure oop. Net soos met Josef, het God ook ‘n plan met **jou** en **my.** Eers ongeveer 13 jaar nadat hy in Egipte aangekom het, kry faroa die droom wat Josef uitlê, en ‘n verdere 7 jaar verloop voor hy sy broers weer sien, meer as 20 jaar verloop na sy droom van die gerwe wat voor sy gerf buig voordat dit ‘n werklikheid word. Toe JOSEF in die put gegooi is, onskuldig in die tronk beland het, het hy seker ook gewonder wat is God se doel, eers 20 jaar

later was die prentjie mooi duidelik, as dit nie vir Josef was nie sou almal vergaan het van die honger, hy was die instrument wat God gebruik het, ons is ook instrumente in God se hand. Ons moet ons oog ook op die onsienlike God gefokus hou ten spyte van ons omstandighede sodat ons ook die toets kan deurstaan. Eendag sal ons die hele prentjie sien.

Die **BASAAR/GEMEENTEFEES** het die jaar soos altyd in Maart plaas gevind. Die weer het gesorg dat ons naels kou want die oggend van die fees het dit behoorlik gereën. Op 'n stadium was die fees aan toe af en weer aan! Almal het skouer aan die wiel gesit en die wa deur die drif getrek. Die weer het later opgeklaar en ons het 'n heerlike dag gehad. Die bejaardes is later bederf met heerlike braaivleis, lewerkoekies en pannekoek wat oorgebly het.

Die **CHRISTEN MANNE-ONTBYT** is die jaar 23 jaar oud. Die manne kom jaarliks bymekaar en word met 'n heerlike ontbyt bederf. Geestelike voedsel is volgende op die spyskaart, en ds. De la Harp Le Roux het met die manne kom praat oor Kragwoorde of Woorde van krag. Dit is 'n geleentheid wat die manne nie sommer misloop nie, en party het al klaar hul sitplek vir volgende jaar geboek.

Die jaarlikse **RALLY** vind die jaar op **24 September 2011** plaas. Die rally sorg altyd vir groot opwinding, want oud en jonk neem deel. Verskeie spanne skryf in bv. pa en dogter, vroue, gemeng, ens. Daar is ook altyd hope pryse om te wen, en van die vinnigste tot die stadigste kom in aanmerking. Na afloop van die uitog word seker gemaak almal is veilig tuis voordat ons almal aan die heerlike ete smul.

Ons gemeente se **KERSSANGDIENS** is 'n groot hoogtepunt vir oud en jonk, nie net in die gemeente nie , maar vir die hele skema. Ons gaan weer soos dit die gewoonte is, sitrus pakhuis toe**. Willie en Natasha Joubert** kom ons die jaar besoek. Hou die **4de Desember 2011** oop vir die groot geleentheid.

Noorderharts groete.

Vrouefees 2011

Maande, weke, dae en ure se beplanning het in 'n hoogtepunt geeindig met die aanbieding van die Vrouefees van die 13-14 Mei 2011. Te gou was dit verby en kan ons maar net aan God die eer gee vir die sukses. Al die stres en bekommernis was pure verniet want God was mos in beheer. Louise het dit so mooi gestel – mense wat daar is omdat U hulle gestuur het, hierdie is U fees Here....

Louise baie dankie vir al jou jou harde werk agter die skerms, jou moeite en opofferings word waardeer. Aan almal wat meegewerk het om die fees te reël baie dankie. Dit het tog immers oor God gegaan, U fees Here.

Thomas Edison het die volgende wyse woorde gespreek -

Net omdat iets of iemand nie kan doen wat jy beplan het nie, beteken dit nie dat hulle nutteloos is nie. **Gebruik hulle om te doen wat hulle kan doen**. Almal in die ring het 'n takie gehad om te doen en omdat jy dit na die beste van jou vermoë gedoen het, het jy bygedra tot die sukses ..... As daar wel iets opgeduik het wat nie volgens plan verloop het nie die volgende – **Ons moenie te veel kla as ons planne nie uitwerk nie. Dit beteken net dat die planne van die Een wat meer en beter weet as ons wel suksesvol was.**

LOUISE en bemanning van vlug vrouefees 2011 dankie dat die vlug voorspoedig verloop het, dankie vir almal se bydrae sonder om uitsonderings te maak , want dit was tot eer van God.

SOLIO DEO GLORIA

Carina Benadé

KIMBERLEY: DU TOITSPAN - TABITA VROUENS

Die sierlike, deugsame Tabita vrouens van DuToitspan gemeente is weer in 2010 "nuutgebore". Ons wil soos Tabita in Hand 9 goed doen aan ander. Tabita beteken sierlike vrou!!

Ons het 'n kunsterapie sessie aangebied wat ongelooflik goed bygewoon is. Die vrouens het op hierdie manier hul kreatiewe sy leer ken. Met donasies van teels en spieels het ons kruise gemosaiek. Almal van ons is in verskillende seisoene van ons lewens en daarom was hierdie kunssesssie wonderlike terapie omdat elkeen haar kruis vir 'n "sekere memory" gemaak het. In September is 'n tweede kunsterapie sessie aangebied. Almal het toe die mooiste harte gemosaiek.

September 2010 het ons 'n baie geslaagde Bybelse ete vir Geopende Deure aangebied. Dit is deur ± 150 gaste oor die hele Kimberley bygewoon.

Die Tabita vrouens het daarna besluit ons wil een aand 'n kwartaal bymekaar kom om te lag, gesels, ontspan, mekaar te ondersteun in lief en leed en onsself te bemagtig... Een maal per kwartaal wil ons sommer net saam koffie drink by 'n koffiewinkel.

Begin 2011 het Tabita vrouens groot planne gemaak vir die jaar en ook wonderlike projekte.

Hierdie is slegs 'n klein voorsmakie van hoe ons in 2010 begin het. In die Desember uitgawe volg al 2011 se doenigheid.

'n Klein stukkie pitkos tot volgende keer...

Maak 'n vaste voorneme om getrou te wees aan God se wil vir jou lewe. Maak Sy Naam groot in alles wat Hy in gebed aan jou openbaar.

Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus (Fil 3:14)

Meisie Opperman

BYDRAE NG GEMEENTE

JAN KEMPDORP

Dit is ‘n voorreg om deel te kan wees van die Ring van Warrenton. (Noorderharts, Hartswater, Tadcaster, Jan Kempdorp, Hartskroon en Warrenton)

Daar is twee voorregte wat uitstaan, nl. die jaarlikse Feminaar en die Vrouekamp (elke 2e jaar).

Tydens die Feminaar werk die 3 susterskerke saam. In 2010 het ds Heinrich Viljoen (Kathu) met ons kom praat oor bedieninge.

Ons gemeente is ook so gelei deur ons Hemelse Vader om ook te begin daarmee.

By ‘n beidiening funksioneer die gawes van die Gees tot uitbreiding en verheerliking van die Koningkryk van God.

1 Kor. 12:7 “*Aan elkeen afsonderlik word ‘n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal.”*

:11 *“Maar al hierdie dinge is die werk van een en dieselfde Gees, wat aan elkeen afsonderlik ‘n gawe uitdeel soos Hy wil.”*

Ons het weggespring met 9 bedieninge!

Soos die nuwe jaar 2011 gekom het, het ons besef dat dit te veel is, ons het tydens ‘n vergadering begin dink daaraan om van die bedieninge saam te voeg.

Graag deel ek dit met hulle:

Omgee bediening:	Voorbidding (kaartjies)
	Ouetehuis (Huis Andalusia)
	Kinderhuis (Jannie Roux)

Kinders van die Jannie Roux Kinderhuis

Spysenieringsbediening:	Spyseniering
	Kombuis
	Opruim
Jeugbediening:	Jeug
	Sending
	Diens van Barmhartigheid

Soos julle kan sien is ons oppad en ek glo met my hele hart dat die Here ons lei.

Graag sluit ek af met die volgende vers:

<u>Markus 10:45</u> ***"Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar <u>om te dien</u> en sy lewe te gee as losprys vir baie mense"***

'n Fees der feeste

Elke jaar, die eerste naweek in Augustus, hou Tadcaster basaar. Almal weet hoe daar vooraf gewerk en geskarrel word om alles vir so 'n geleentheid, gereed te kry. Teen Saterdagmiddag, na die Basaar, is ons almal voetseer en moeg, maar met groot dankbaarheid vervul. Ten spyte daarvan dat dit 'n langnaweek is en daar nie so baie mense was nie, was die poging 'n reuse sukses. Maar dis nie die einde van ons basaarnaweek nie:

Hierdie jaar is ons op die Sondag na die basaar, bederf met 'n lofprysingsdiens met Du Preez Stoltz. Hierdie vrolike, Geesvervulde jong man en sy ewe vrolike, blinde sangmaat, Riaan Naudé, het ons aandag van die eerste note af gehad. Sy getuienis van hoe hy geroep is om hierdie beniening te doen, hoe Riaan saam met hom begin sing het en hom geinspireer het om "met sy hart" te sien, het almal geraak.

Met sy pragtige tenoorstem het hy van die gewilde liedere van sy CD, “Hy leef in my”, gesing, maar ook 'n paar ander, ongelooflik mooi liedere. Hy het sy optrede afgesluit met die hoendervleis mooie “Vader, ek lê my lewe neer” (Gabriëla's song), waarna die hele gemeente saam met hom die Oorwinningslied gesin het.

Du Preez se hele wese straal dit uit dat God se Gees in hom leef. Dit was voorwaar 'n groot voorreg om hom by ons te kon hê.

'n Brief aan Mandela

Beste Mnr Mandela

Ek hoor oor die radio dat u hierdie week verjaar ... en dat alle landsburgers op 18 Julie vir 67 minute moet uitreik na minderbevoorregtes. Aksies kan wissel van mure verf tot ouetehuise besoek, solank gebeure op beeld vasgelê kan word en op televisie vertoon kan word.

Hier by ons is nie televisiekameras of belangrike mense nie, net dankbare christene met gróót harte vir minderbevoorregtes. 67 Minute per jaar is te min tyd vir uitreikaksies – ons gebruik sommer die hele jaar!

'n Behoefte aan warm truitjies by die kliniekbabatjies is raakgesien. Oud en jonk het begin brei en letterlik hope truitjies is gebrei vir

klein lyfies wat dikwels net met 'n sweetpaktoppie en handdoek, die Noord Kaapsekoue moet trotseer. Die truitjies is by drie verskillende klinieke tydens die winter uitgedeel. Die dankbare gesigte van die mammas en oumas het ons harte warm gemaak.

'n Ander gemeentelid het honderde pakkies verpakte neute voorsien,

wat met tussenposes in die township aan menigte kleutertjies by kleuterskole uitgedeel is. Het hulle dit nie geniet nie! Mnr Mandela, weet jy hoe klink 30 stemmetjies wat 'n dankie-sê-liedjie vir die tannies sing? En nie wat nie ... Old MacDonald had a farm ... met al die bypassende bewegings ingesluit! Op 'n gereelde basis word kleurkryte en inkleurprente by kleutelskole afgegee. 'n Mat is by 'n skooltjie afgegee sodat 45 klein sitvlakkies nie meer op die koue sement hoef te sit nie.

Elke Maandagoggend sorg omgeevrouens vir twee brode se toebroodjies wat by 'n plaaslike kliniek afgegee en aan bejaardes, wat reeds ure in rye sit en wag vir hul medikasie, uitgedeel word. Dikwels stil dit die ergste hongerpyne en vul hulle met groot dankbaarheid. Groot konsternasie toe oom Shadrick (75) Maandagoggend omkap ... van hongerte. Hy het die broodjies gemis en nog nie sy pille gedrink nie. Gelukkig het die personeel teetydskonsies gehad.

Die plaaslike Ouetehuis word ook nie vergeet nie. Twee maal per jaar bak die gemeente se flukses pakke beskuit vir daai laataand hongerte. Een oggend in September word die inwoners ook bederf met 'n lekker ontbyt – sodat die personeel ook 'n blaaskansie kry. Die Jannie Rouxkinderhuis op Barkly-Wes ontvang elke maand 'n finansiële bydrae uit die gemeente, wat ons die “sakgeldprojek” noem.

U sien, Mnr Mandela, hier by ons sal die 67 minute ding nie werk nie; hier Leer, Leef en Dien christenvroue met Christusliefde, die héle jaar deur.

Anoniem

Tadcaster

GOEDVERTROUGEMEENTE

VERTROU STEEDS.

Alhoewel ons van 1946 van 'n groot gemeente gekrimp het na 47 lidmate met vier wyke en agt kerkraadslede, is ons nog vol vertroue. Hierdie, seker die kleinste gemeente van

die NG Kerk in ons land, bestaan uit 19 beesboere en hul gesinne en 'n leraarspaar.

Ons is soos een groot familie waar almal mekaar ken en soengroet. Na die eredienste drink ons saam tee en kuier oor al die nuus van die week. Elkeen van die vier wyke hou elke maand 'n biduur by een van die wykslede waar ons na die biduur lekker saam kuier.

Bo en behalwe die jaarlikse dankoffer word fondse gegenereer uit spyseniering by vendusies, 'n jaarlikse kerkbasaar, 'n kalfprojek en boere wat elk een of twee koeie van die kerk aanhou. Elkeen van die lidmate is 'n kerkganger en almal gee en werk saam om

nie alleen die gemeente in stand te hou nie, maar ook oor gemeentegrense diensbaar te wees in die Here se Koninkryk. Skenkings word aan tehuise vir bejaardes en ander lief-

dadigheidsorganisasies gedoen.

Die skool van byna 200 swart kinders reg oorkant die kerk en pastorie, bied ‘n groot sendinguitdaging. Die leraar bring elke week ‘n boodskap aan die kinders. Godsdienstige films sal ook voortaan maandeliks hier vertoon word.

Na tannie Charlotte Nel se uittrede as orrelis, is ‘n dataprojektor en skootrekenaar aangeskaf sodat ons nog met orrelbegeleiding die Here kan loof in sang.

Kerkraadsvergaderings word in ‘n goeie gees gehou en die vrouelidmate vergader nog gereeld en reël elke jaar gemeente-etes en spyseniering by die vendusiekafees.

Die gemeente het pas ‘n braaiplek teenaan die kerksaal aangebou wat reeds handig te pas gekom het by die kerkbasaar en met ‘n verjaardagviering van een van ons lidmate. Hierdie braaiplek sal nog by baie funksies ‘n heerlike braai –en kuierplek wees.

Al is ons min loop hierdie klein gemeentetjie nog op al sy silinders. Ons bede is dat die Here steeds ook hier geprys en gedien sal word.

Ons kan baie leer by Goedvertrou.

REIVILO BYDRAE VIR PIENK BOEKIE

Ons kan net kortliks noem van al die baie water wat Reivilo die afgelope somer gehad het. Pale kon begin groei en mense kon nie by die Kerk of veilings kom nie. Ons motors en bakkies is behoorlik getoets en sommiges te lig bevind!

Hierdie toestand het veroorsaak dat al die veilings vir die fondse van die Vrouediens ook nie gehou is nie. Dus is daar ‘n daling in ons inkomste wat hopelik in die volgende tydperk aangevul sal kan word. Vendusiekafees word egter gehou en baie dames is daarby betrokke.

Die Vrouediens beleef ‘n moeilike tyd met heelparty onbetrokke vrouelidmate, maar ons dank die Heer vir die dames wat nog voortgaan ten spyte van alles. Pakkies met toiletware en koekies is deur susters aan bejaardes gegee wat dit altyd baie opreg waardeer. Daar is ook ‘n mandjie voor in die Kerk wat soms voorsien in iemand se behoeftes. Wonderlike weldoeners skenk elke maand ‘n klomp kruideniersware wat dan ook onder ons lidmate wat swaar trek, uitgedeel word. Dankie aan mense met warm harte!!

Die ACVV Dienssentrum wat ook huisvesting verskaf aan 17 bejaardes, word ook met groot entoesiasme deur die dames en die gemeente as ‘n geheel ondersteun op baie wyses. Dankie weereens aan Hom wat die behoefte in mense se harte sit om ruim te gee.

Die Kerk het ‘n baie suksesvolle Wild- en Vleisfees gehou en ons bid dat die jaarlikse Dankoffer basaar in Oktober ook so geseend sal wees.

Ons verwelkom ook vir Lien Scholly as ons Ringsverteenwoordiger en bid haar ryke seen toe!

Warm groete uit ‘n koue Reivilo.

(Ingestuur deur Sybil Fourie)

LOUWNA

Louwna se vrouediens word huidiglik saamgestel uit die leraarsvrou en al die kerkraadsvroue. Hulle 5 vergaderings per jaar val saam met die kerkraadsvergaderings. Dit bied vir die lede in die huidige veiligheidssituasie sowel as die lang afstande vanaf die kerk die geleendheid om met hulle mans te kan saamry. Dit bied ook die Breëbestuur die geleendheid om na afloop van hulle onderskeie vergadering saam te kan eet.

Die dames word dan ook in die wyke georganiseer om as wyk twee maal per jaar vir ‘n maand verantwoordelik te wees vir die blomme in die kerk sowel as die koffie en tee na die erediens.

Daar is ook gedurende die 4 wyksbyeenkomste wat per jaar in elke wyk gehou word geleendheid om saam met die mans en kinders rondom die Woord en ‘n ete daarna te kan byeenkom. Hierdie byeenkomste bied ook dan geleendheid om dit wat by die Vrouediensvergadering besluit word met die wyksdames te kommunikeer.

Die vrouediens vorm die ruggraat van die basaar,

Jaarliks in November organiseer die vrouediens ook die Kersmark wat oor twee dae strek en in Vryburg plaasvind. Hierdie geleendheid bied ook die vroue om self ‘n geldjie te verdien omdat slegs ‘n persentasie van die verkope na die gemeente gaan.

Die vrouediens is by die twee versorgings oorde, Martie du Plessis en Rusoord, in Vryburg betrokke.

Daar word ook gevriesde kos verskaf aan die welsynsdienste.

Tans is die vrouediens besig om ‘n uitreik na die kinderhuis in Kimberley te beplan.

Louwna se kerkgebou is einde Oktober 60 jaar oud en daar word ‘n groot verjaarsdagpartytjie beplan waarby die vrouediens sekerlik ook wee ‘n groot rol gaan speel.

Hartswater Vrouediens

Die NG Gemeente Hartswater se vrouediens het die afgelope jaar verskeie hoogtepunte beleef. Met alles wat hulle aangepak het, het hulle probeer om die visie wat God aan die gemeente gegee het uit te leef: ONS GEE OM. Dit het elke vrou in die gemeeente gemotiveer en geïnspireer om dit wat aangepak word met nuwe ywer en vuur aan te pak.

Drie van die groot dinge waar die vrouens, amper wil ek se, onsmisbaar was, is die voorbereiding van ons eredienste, die hulp by die uitreike en ook die jaarlikse Lentefees wat op die laaste Saterdag van Augustus aangebied word.

Dit klink nie na ‘n vreeslike belangrike ding om betrokke te wees by die erediens nie, maar elke keer het die vrouens gesorg dat die atmosfeer in die erediens deur blomme opgekikker is. Hulle bydrae tot die skep van ‘n aanbiddingsatmosfeer in die erediens kan nie onderskat word nie. Baie dankie aan elkeen wat tot die diens bereik was en hulle gawes ook op die terrein kon uitkleef.

Baie van ons gemeente se vroue se hand in die voorbereiding van uitreike deur ons jeug was ook onmisbaar. Daar is maar altyd die hulp van die vroulike geslag nodig wanneer daar pakkies gemaak moet word, klere uitgesoek moet word, diens aan straatkinders gedoen moet word, die kinders in ander woonbuurtre bedien word en ook wanneer Bybelstudie aan bejaardes aangebied moet word. Opregte dank word

ook aan elkeen uitgespreek. Julle weet wie julle is. As ons name noem kan ons moontlik iemand uitlaat.

Die groot jaarlikse geleentheid waar ons gemeente se vrouens voorvatterrs is, is natuurlik die Lentefees wat op Saterdag 27 Augustus 2011 plaasgeving het. Alles was goed georganiseer – elke tafel, elke gereg, elke poeding, die vleistafel, die tee en die koffie, die lekkers, lewerkoekies, tuisgebak ens. Die gesindheid waarmee dit aangepak was getuig van ‘n gesindsheid in die gemeente waar ons weet en verstaan dat alles gedoen sodat die Here se naam verheerlik kan word en die koninkryk daardeur uitgebrei kan word.

Die vrouens van Hartswater juig en jubel oor Christus en daarom doen ons wat ons doen uit dankbaarheid vir dit wat ons gemeente, en elke vrou individueel, uit die genadige hand van God ontvang het. Ons word werklik geseën en wil deur alles wat ons aanpak ‘n seën vir ander wees. Ons wil werklik omgee omdat God deur Jesus vir ons omgegee het. Loof en prys die naam van die Here.

Loretta Coetzer
Namens KKVL (Kerkraadskommissie vir Vrouelidmate)

Nuus van die Gemeente van Warrenton :

2011 is ‘n bedrywige jaar vir die vroue van Warrenton.

Verskeie vroue Bybelstudiegroepe kuier en besin weekliks saam om die jaar se tema : **Die HERE se kerk, ons Tuiste**.

Die Wêreldbiddag vir Vroue deel ons met al die vroue van ons dorp en wel op Sondag, 6 Maart. Ds Nioma Venter bring vir ons die boodskap.

Almal in die kerk ontvang die oggend twee pakkies tuisgemaakte koekies - een om te hou en een om uit te deel as simbool dat ons wat die brood van die lewe en die Here se seen so in oorvloed ontvang, dit moet gaan deel met ander.

Ons skop in die eerste kwartaal af met ‘n Geel-Giggel-Gek aand. Dit was ‘n aand vol pret en plesier en baie lag op die vooraand van April se Gekkedag. Dog was die doel van die aand om ons vroue van die Vrouediens weer te motiveer om **meer betrokke** te raak , om **diens** te lewer en mekaar geestelik te **versterk.**

Met Pinkster , wat deur Ds Christo Jonck gelei is, trakteer ons vroue die gemeente op heerlike warm sop om die ysige koue te verdryf, en daar word heerlik saamgekuier na elke biduur.

Op Moedersdag verras ons al die Ma’s en Oumas in ons gemeente met ‘n CD met snitte spesiaal vir moeders.

Gedurende die tweede kwartaal hou ons ‘n Hemelvaartfees op 2 Junie. Ons nooi ons gemeente manne ook na die aand en die sanggroep In Spirit inspireer ons met hul pragtige sang en kragtige boodskap. Op die feestelike aand word daar ook heerlike moussaka, slaai en broodjies voorgesit, om nie van die nagereg te praat nie. ‘n Gesellige aand wat almal na liggaam en gees opgebou het.

En nou, met die lente om die draai, is dit weer tyd vir die Gariepfees en ons Tjops vir Afrika stalletjie wanneer man,vrou en muis saamwerk om oor die afstand heen ‘n sukses te maak van hierdie grootse (en altyd lonende) poging.

En dan is daar nog die basaar einde Oktober, maar dis ‘n storie van ‘n ander kleur en een met ‘n Kersfees geur !!!

Groete uit Warrenton.

Vertel vir ons in die volgende uitgawe van hierdie Basaar met ‘n Kersfees geur

NG Gemeente Kimberley

Wat is die lewe en wat is die dood? Dit is teenoorgestelde pole wat ons nietige stofmensies nie aldag verstaan nie. Ons lewens is so kortstondig – soos grassade in die wind, vandag nog hier en môre dood. Die dood is en bly maar vir ons as mense ‘n onverklaarbare werklikheid en ‘n skok.

Ons vrouediens het hierdie werklikheid weereens vanjaar besef, toe twee van ons staatmakers en vriendinne so skielik weggeruk is uit ons midde. Op 24 Mei vanjaar is tannie Anna Eksteen oorlede en Maandag, 22 Augustus is tannie Bessie Wilken ook skielik nie meer daar nie. Dit het skokgolwe deur ons gemeente uitgestuur. Tannie Bessie was ook ‘n ouderling en sal haar plekkie in die konsistorie vir altyd leeg wees.

Ons gebede gaan uit na die onderskeie families.

Ek het ‘n mate van berusting gevind met ‘n flitsgedagte wat my Dinsdagoggend getref het toe ek besig was om my bed op te maak. Alhoewel my aanneemma (die enigste ma wat ek ooit geken het) ook nou al 13 jaar gelede dood is, bly daar tog maar ‘n verlange en leemte in ‘n mens se lewe oor. Die flitsgedagte was dat die deposito vir die hemelse verblyf reeds betaal is – op Golgota, vir ons almal - die huisvesting is vir jou bespreek en dis tyd om oor te trek. Jou plek is gereedgemaak en ‘n wonderlike heerlikheid wag op jou. Dus moet ons, al is dit swaar en hartseer om afskeid te neem, bereid wees om daardie persoon met vrymoedigheid af te sien.

Ek het ook so ‘n tydtjie gelede ‘n e-pos ontvang en wil ek dit graag met ons lesers deel, want ek dink dit sluit nogal aan by my vrae. Daar is baie dinge in my (en ek glo ook in ander) se lewe waarmee ek nie tevrede is nie. Daar is uitdagings wat my siel en hele geloofsbasis bedreig.

Ek het myself afgevra: " Hoe kan enige iemand my beny en graag in my skoene wil staan?" Hulle weet nie hoe rof die pad aldag was wat ek moes bewandel nie, nog minder weet hulle hoe die pad wat voorlê, vir my lyk. Hulle weet nie hoe ontevrede ek van tyd tot tyd met myself raak oor my gebreke en foute nie. Ek wens eerder dat ek in iemand anders se skoene kon staan.

Mense is nie bewus van die probleme wat ander al moes verduur en wat is die prys wat hulle moes betaal om te kom waar hulle vandag is nie. Al wat hulle weet, is dat hulle graag in iemand anders se skoene sal wil staan. Hoor ons dit nie amper elke dag nie – ek sal graag daardie persoon wil wees wat so ryk is of so mooi soos daardie model wou wees. Hoekom sal jy wens dat jy in iemand anders se skoene was as jy nie eens weet of daardie skoene vir jou pas nie?

As jy jou skoene vir 'n ruk gedra het, dan begin hulle die vorm van jou voete aanneem en is hulle aangepas vir die manier waarop jy loop. As jy iemand anders se skoene sou dra, sal jy nie gemaklik daarin wees nie, want die grootte kan reg wees, maar die vorm verskil. Dus het ek opgehou om te wens dat ek in 'n ander se skoene kan staan, want ek dank eerder God vir my eie skoene, want dit pas perfek.

Ek het geleer om binne my vermoë die beste te wees wat ek kan en dat ek uniek is. Niemand anders is soos ek nie en niemand anders kan my vervang nie. Ek is spesiaal deur die Pottemaker gemaak soos ek is. Ek is 'n oorspronklike werk, want God is nie in die kloningsbedryf nie. Hy maak nie mislukkings nie en derhalwe is elkeen enig in sy/haar soort – oorspronklik en eg mens.

Daarom moet ons slegs die beste gee wat ons kan en voluit lewe, want ons leef net hierdie een keer en daarvan sal ons rekenskap moet gee voor die Allerhoogste wanneer ons tyd hier op aarde verby is. Hy, en Hy alleen voorsien ons van die regte skoene vir die pad wat Hy vir ons bestem het.

Lewe en dood? Daar is ‘n tyd en plek vir altwee – lynreg met mekaar. Ons moet elke dag se geskenk van lewe met ander deel, want ons blyplek wag met heerlikheid. Waardeer en geniet vandag. Moenie daardie spinnekop in jou huis doodmaak nie, want dalk het dit net verdwaal; kyk verby iemand se gesig na sy/haar hart; maak ‘n belofte en kom dit na; gaan kuier of bel iemand, bloot net om te sê: “*Hallo*”; ruik die reën, voel die wind deur jou hare en luister na die lied in die bome se blare; gee om vir diere en luister na die sang van die voëls in die vroeë oggend; gebruik al jou sintuie en waardeer vandag.

Gister het ek dalk drukkies gegee aan iemand vir wie ek baie omgee, maar vandag is sy/hy weg en môre sal haar/hom nie weer terugbring nie.

Daarom net vir vandag – glimlag vir iemand wat jy nie ken nie; luister regtig wanneer iemand met jou praat; laat val maar ‘n muntstuk waar ‘n kind dit kan optel; leer iets nuuts by en dra daardie kennis oor aan ander; vertel iemand dat jy aan hulle dink; gee ‘n geliefde ‘n drukkie; moenie ‘n wrok teen iemand koester nie; moenie bang wees om te sê: “*Ek is jammer*” nie, want gister is verby en tel net vandag. Ons weet nie wat môre op ons wag nie ...

Jesusliefde en groete.

Retha Nagel

TEMA VIR 2012:

VROUE MET VLERKE

Die draai van die wind

Die deur staan oop,
dis net die stilte wat inloop
en jy is weg
met die dag se lag
en met die ewige wisselwerking
van die seisoene en die see getye,
is dit net die wind
wat deur die bome waai
en stof vergaar,
en gestalte vind
in die windswael se vlug –
vlug soos ek
van die stilte en die stof,
en struikel oor jou en my menswees
verlore in begrip
en weggewaai
met die draai van die wind.

Retha Nagel

A D V E R T E N S I E

DIE TSOTSI-EVANGELIE

LUISTER WEER NUUT NA 'N BEKENDE EVANGELIE!

Frans van Rensburg het die Mattheus-Evangelie omgesit in tsotsi-afrikaans met 60 Jesus-gedigte.

Belia Lourens het die toonsettings daarvan gedoen en 'n CD uitgebring wat hand aan hand met die boek loop. (Benoemings Tempo, Afrikaanse Musiektoekennings en Vonk)

Met woordkuns en musiek bedien hul die Jesus-verhaal op 'n unieke manier.

"Hoe notch jy die wrong in jou broerkie se globe, marrie wrong down in jou eigene globe notch jy nie? ..."

SOMME – Frans van Rensburg

Die Headmaster het Hom geskool
1 + 1 = 3
Oor Hy die teachers se somme nie kon doen,
hille't Hom gehangpaal na die soen.

ANTWOORD – Frans van Rensburg

Virrie blou van onse hjemel,
virrie diepte van ons see,
vi ons sewe ge gebergtes,
sal nettie Jirre antwoord gjee.

Produksies by Aardklop, KKNK, Inniebos ens.

GESKIK VIR OGGENDTEE'S, GEMEENTE-ETES EN ERE-DIENSTE

Ook spesiale aangepaste program vir Kersfees!
KRISMIS IN AFRIKA

BESPREKINGS:
083 77 88 097
of 022-9312067
sing1@telkomsa.net

www.belia.com

Walles se Snoephoekie

Kruiemuffins Maak 15 muffins

Muffins is wonderlik vir ontbyt. Jy kan dit die vorige aand maak en dan saam met die kinders skool toe stuur, saam werk toe vat, of sommer deur die dag eet. Die ding is, mens is nie altyd vir 'n soet muffin lus nie – en dis nou waar die kruiemuffins die dag red! Kyk ook na die variasies.

500 ml (2 k) koekmeel
15 ml bakpoeier
15 ml suiker
2 ml sout
30 g (125 ml) gemengde vars kruie (orego, basiliekruid, salie, grasuie, pietersielie), fyngekap
1 eier
250 ml (1 k) melk
100 ml gesmelte margarien of sonneblomolie

Voorverhit oond tot 190°C. Meng die droë bestanddele in 'n groot mengbak. Voeg die gekapte kruie by en meng deur die meelmengsel. Klits die nat bestanddele saam. Voeg dit by die droë bestanddele en roer vinnig saam om deur te meng. Skep lepelsvol in muffinhouertjies – tot ¾ vol. Bak vir 15 min.

Variasies

Hierdie is 'n baie basiese kruiemuffin.
Vir kaas- en kruiemuffins: Voeg 100 g (250 ml) gerasperde Cheddar by die droë bestanddele.
Vir kaas-, kruie- en songedroogde tamatiemuffins: Voeg 100 g (250 ml) Cheddar en 8 tot 10 gekapte songedroogde tamaties by die droë bestanddele.
Jy kan ook gekrummelde fetakaas byvoeg. Gaan mal! Deel die deeg op en maak verskillende geure; as jy dit gaan verdeel, gooi jou gekose geurmiddel by nadat jy die nat en droë bestanddele gemeng het.

KOM ONS LEES...



Alle boeke is beskikbaar by:

CUM Boeke.







ALGEMENE VROUELESSENAAR

Kort na ons sinodale kuierfees, was dit my en Tharina Human se voorreg om die vergadering van die Vrouelessenaar van die Algemene Sinode in Kemptonpark by te woon. Die doel van hierdie vergadering is, om as vrouelidmate van die NG Kerk oor die hele land, saam te soek na God se wil vir ons as vroue.

Tydens die drie dae wat ons daar vergader het, is gesoek na oplossings, saam gedink aan planne en saam gebid vir die werk van die Here.

Die vroue wat daar saamvergader was, was dit eens dat die vrou van vandag in ‘n veeleisende wêreld van beroep, gesin, eggenote, ouer of enkelouer, staan. Verder word vroue met geweldige uitdagings op ekonomiese, emosionele en geestelike gebied gekonfronteer. Die tradisionele rol van vroue het gedurende die laaste dekade geweldig verander en dit skep nuwe uitdagings vir die kerk. Vroue het begeleiding, ondersteuning, bemoediging, inspirasie en motivering nodig. As die kerk hierdie dinge nie bied nie, gaan sy dit elders soek. Dit kan tot gevolg hê dat ons baie van ons vrouelidmate “verloor”.

Die volgende paar vrae het na vore gekom:
Kry die kerk dit reg om vir alle vroue, binne die kerklike strukture, ‘n plek te gee om in te skakel?
Word diversiteit van vroue werklik geakkommodeer en as verrrykend in die kerk gesien?
Is die kerk sensitief vir vroue se behoeftes?
Word lidmate toegelaat om te dien, volgens hul eie aard, of moet hulle slegs binne rigiede strukture inpas?

Die gevolgtrekking van die besprekings was dat daar in die kerk ruimte behoort te wees waar bedieninge, volgens behoefte en op eie inisiatief gevorm kan word. In die praktyk kom dit dus daarop neer dat elke gemeente self kan soek na die mees effektiewe wyse waarop daar aan die behoeftes van vrouelidmate aandag gegee kan word. Elke gemeente kan ook hul eie aksies loods, waar

vroue betrokke kan wees in hul dienswerk vir Christus. Die belangrikste bly, dat daar gekyk word na maniere, om vroue geestelik toe te rus vir die uitdagings waarvoor hulle staan – uitdagings wat dikwels drasties verskil van dié van mans.

Die Vrouelessenaar wil graag hê dat elke gemeente spesifiek aandag sal gee aan vrouelidmate:

- Dat vroue geïnspireer en bemagtig sal word om hul roeping en gawes, voluit, tot eer van God en tot opbou van die liggaam van Christus uit te leef – as deel van gemeentebediening.
- Dat, deur interaksie met die Woord en met mekaar, vroue toegerus word, begelei word op die pad van geestelike groei, versorg word en geleenthede vir diens geskep word.
- Dat daar ruimte vir die uitlewing van vroue se eiesoortige behoeftes en belange geskep word
- Dat die vrouepotensiaal ontwikkel en benut sal word, op alle terreine van die kerk se werksaamhede.

Dit is ons bede dat alle vrouelidmate tuis sal voel in die NG Kerk en dat hulle in hul eie gemeente geleenthede sal hê om toegerus te word, maar ook om die Here te dien deur praktiese dienswerk en so by te dra tot die opbou van die Liggaam van Christus

Onthou... volgende uitgawe is al die ringe verantwoordelik.

Kom vertel ons hoe het julle die visie uitgedra.

Christenvroue leer, leef en dien met liefde

MAAK 'n VERSKIL Carina Benadé

In 2010 met sy hoogte en laagte punte het die Here dit op my hart gedruk om 'n verskil te maak. Hoe Here het ek gevra- Wees jy die verskil wat jy wil sien....

Ons het almal drome en verwagtinge, maar is ons droom en verwagting die identiese plan wat God vir ons het? Elkeen van ons het 'n verantwoordelikheid om by God te hoor wat is Sy plan met ons lewens. God het die antwoord nog voordat ons die vraag vra, en Hy sal ons antwooord. As ons gehoorsaam is en dit doen wat God van ons verwag sal Hy ons seën!

As die jaar 2010 meer laagte punte as hoogte punte gehad het kan jy maar weet – God het groot planne vir jou!! Met elke eina in ons lewe het God 'n plan. Hy maak ons sterker om nuwe en groter uitdagings te kan aanpak deur Sy genade. Ons moet egter weet – uit ons eie kan ons niks doen nie, ons krag lê in stil wees en vertroue in God.

Die jaar 2011 kan 'n verskil in jou lewe maak, omdat jy 'n verskil in iemand iemand anders se lewe kan maak. As jy voel jy kan nie 'n verskil maak nie, want jy is maar net jy, is dit juis vir jou wat die Here wil en kan gebruik! God wil ons vry maak van al ons negatiewe gedagtes oor ons-self. Ons is soms ons eie grootste vyand omdat ons onsself afkraak, en nie besef wie ons in God is nie. Besef ons, ons is na die beeld van God geskep...?

God sê ons moet ons losmaak van die verlede en ons uitstrek na dit wat voorlê. Ons verlede beteken vir God niks, dit is oor ons toekoms wat Hy begaan is. As ons God se salwing in ons lewe wil ervaar moet ons onsself ondergeskik stel aan Sy heerskappy.

Ons kan die verskil wees wat die wêreld nodig het. As ons 'n verskil in een persoon se lewe maak word GOD verheerlik.

Is ek en jy beried om die verskil te wees? Bid en vra God om jou geestesoog oop te maak, sodat jy Sy plan vir jou kan sien. Vra God om jou geestes ore oop te maak, sodat jy Sy stem kan hoor, Hy sal jou antwoord as jy vra wat Sy wil is.

Jy kan 'n verskil in iemand se lewe maak deur bv. net vriendelik te groet, 'n sms te stuur of om die skouer te wees vir die persoon as hy/sy wil huil. Hierdie is nie 'n SIELKUNDIGE SESSIE nie, maar 'n OMGEE SESSIE!! Wie kan iemand beter verstaan as die persoon wat al self deur min of meer dieselfde krisis moes werk?! Ek is nie 'n sielkundige nie, maar sal bv. baie begrip met 'n vrou kan hê wat deur die pyn van 'n miskraam worstel... want ek kan uit ondervinding praat, 2 miskrame en 2 buisswangerskappe verder is nie iets wat jy sommer so agter jou kan sit nie.... Die seer wat ons soms in die lewe ervaar, is dalk die salf vir iemand anders se seer!!

God is lief vir jou en my, ons moet dit glo. Ons moenie toelaat dat ons omstandighede ons gevoelens bepaal nie. Ons moet uit God se genade ons oorwinning leef. Moenie toelaat dat ander mense se opinies jou van jou potensiaal of gesond word beroof nie!!

As dit ook jou droom of visie is om 'n verskil in iemand anders of in jou eie lewe te maak kontak my gerus. Jy kan my bv. **bel, sms of 'n e-pos stuur om te sê ek is bereid om die oor te wees vir iemand wat bv. "die" probleem het. As jy deur 'n spesifieke situasie worstel bel, sms of e-pos my en ek stuur jou besonderhede aan iemand wat kan luister. Ons moet onthou ons is net die oor nie die sielkundige nie!**

Hierdie omgee aksie is my manier om iets van myself te gee. Maak nie saak waar jy woon of wat jou omstandighede is nie, as jy kan bel, sms, e-pos of bid is jy welkom om deel te wees van die verskil. Ons bepaal ons eie toekoms in 'n mate en as dit vir jou voel jou lewe is" saai" en jy voel jy soek na iets is dit miskien vir jou wat God wil gebruik om iets vrugbaars in iemand anders se lewe te saai. Ek kan jare lank net sit en droom... of ek kan opstaan en die eerste tree in die geloof gee. Al persoon wat die keuse kan maak is jyself.

Of die omgee aksie suksesvol gaan wees, dit weet ek nie, maar as dit tot God se eer is en dit maak 'n verskil in een persoon se lewe was dit suksesvol. Die liefde genees mense - die wat dit ontvang, maar veral die wat dit onvoorwaardelik gee. (Karl Menninger) God se barmhartigheid teenoor die wêreld staan nooit los van sy kinders se dade van barmhartigheid nie, God se liefde kry sigbare hande wanneer sy kinders soos sy kinders lewe – deur omgee.

Kontakbesonderhede:

Carina Benadé

Sel: 079 343 9593

E-pos: omgee.hart@gmail.com



INSKRYWINGSVORM VIR DIE PIENKBOEKIE

2012

NAAM: .....

ADRES: .....

GEMEENTE: .....

KONTAKNOMMER: .....

TARIEF VIR 4 UITGAWES PER JAAR:

R50-00 per persoon

Let wel:
Handig hierdie inskrywingsvorm asook betaling by jou skriba in. Sy stuur dit voor 30 Desember 2011 aan:
DIE SAAKGELASTIGDE
SINODALE KANTOOR
POSBUS 1430
KIMBERLEY 8300

Boekies word aan gemeente gestuur wat dit dan moet uitdeel.